

Tien wenke vir maklike eksamenskryf!

#1 Beplan voor jy wegspring

Voor jy begin leer, beplan hóé jy gaan hersien. Gee jouself genoeg tyd om op die moeilike werk te konsentreer. As jy met die indirekte rede sukkel, moet jy dit nie tot laaste los nie!




#2 Wees realisties

Moenie die aand voor die eksamen jou hele Woema probeer memoriseer nie! Om die heelyd te sit en hersien is ook nie 'n goeie idee nie. Verdeel die modules op in realistiese en hanteerbare afdelings.

#3 Word saam met die mossies wakker

Hoe vroeër jy begin, hoe minder spanningsvol is elke dag se hersiening. Moenie jou studietyd tot later uitstel nie.



#4 Skep jou eie spasio

Vind 'n rustige plek wat die beste vir jou werk. Al is dit in die natuur of in 'n biblioteek, is dit belangrik om gemaklik en gefokus te wees.


#5 Wees kreatief met jou studiemetodes

Wees kreatief! Moenie net volgens een metode leer nie. Gebruik rympies, lees hardop en teken diagramme of breinkaarte.



#6 Hersien ou vraestelle

Gaan deur ou vraestelle om jou te help beplan, hersien en om gereed te wees vir moontlike toetsvrae.



#7 Neem 'n ruskansie

As mense het ons nodig om te rus. Ons werk eintlik beter as ons gereeld 'n ruskansie neem. Staan op en beweeg daai bene, strek en haal diep asem.

#8 Eet reg en drink genoeg water

Hou jou lyf gesond en jou brein wakker deur gereeld te eet en water te drink. 'n Mens onthou beter as jy hierdie twee wenke volg!



#9 Toets jouself

Na al die hersiening, gryp jou Woema en vra vir familie en vriende om jou te toets. As jy sien hoeveel jy al klaar weet, sal daai senuwees kalmeer. Dit gee jou ook 'n goeie idee aan watter modules jy meer tyd moet spandeer.

#10 Vroeg bed toe met jou!

Maak seker jy gaan die aand voor die eksamen vroeg bed toe. Gee jou brein 'n kans om te rus sodat jy die oggend van die toets vars voel!

